

Die era van Suid-Afrika se militêre hoogbloei (1974-1994) met die Vaaldriehoekse samelewing as konsentrasieveld

FANIE FOURIE EN JOHANN W.N. TEMPELHOFF*

Inleiding

Ná die aanvang van die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog in 1975 is die samelewing toenemend vermilitariseer en gemobiliseer.¹ Die weermag het 'n belangrike rol in 'n menigte samelewingsfasette begin speel. In die proses is daarvan werk gemaak om die burgerlike bevolking daarop bedag te maak dat deelname aan die oorlog (al is dit buite die grense van die land gevoer) 'n bykans vanselfsprekende element van die alledaagse lewe van Suid-Afrikaners geword het. Hierdie denkraamwerk sou tot in die negentigerjare met die aanvaarding van 'n nuwe politieke bewind in afwisselende mate bly voortbestaan.

In hierdie studie word die aandag op die Vaaldriehoek, die agste mees digbevolkte streek in Suid-Afrika, gevestig. Die Vaaldriehoekse samelewing is gemobiliseer om die aanslag teen die land, wat volgens strateë aan die orde was, op nasionale vlak af te weer. Mense is oor die aanslag ingelig. Die gemeenskap is op 'n verskeidenheid maniere gemobiliseer. Die Vaaldriehoek was om ander redes ook 'n besondere sensitiewe streek in Suid-Afrika. Vanweë gebeurtenisse soos die Sharpeville voorval van Maart 1960 en die opstand in September 1984

-
- Mnr. S.M. Fourie is 'n onderwyser aan die Hoërskool Drie Riviere in Vereeniging. Hy is tans besig met 'n doktorsale studie oor die militarisering van die Vaaldriehoek in die tydperk 1974-1994. Prof. Johann W.N. Tempelhoff is direkteur van die Skool vir Basiese Wetenskappe in die Fakulteit Vaaldriehoek van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Hierdie studie is gebaseer op 'n voordrag wat in September 2000 by 'n internasionale konferensie oor oorlogvoering in die twintigste eeu in Suid-Afrika by die Militêre Akademie in Saldana gelewer is.
 - 1. Kyk ANON., "Sedert Operasie Savannah tien jaar gelede...: SAW wapentuig stukke beter" in *Paratus*, 40(5), Mei 1989, p.9; P.L. MOORCROFT, *Africa's Superpower* (Sygma, Johannesburg, 1981), p.65.

in Sebokeng, het die swart politiek in die streek 'n bepaalde betekenis en waarde vir die rewolusionêre stryd gehad. Die aanslag, op die grens en plaaslik, het 'n bepaalde impak op inwoners van die streek gehad.

Met die afwenteling van die militêre stryd ná 1989, is nuwe eise aan die streeksamelewing gestel. Dit het soms nadelig op die Vaaldriehoek en sy inwoners ingewerk. In die studie word daarop ingegaan.

Strategiese belangrikheid

Die Vaaldriehoek was gedurende die tydperk onder bespreking beskou as deel van die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging kompleks (PWV). In die geheel was die streek as die grootste industriële kompleks in Afrika beskryf is.² Geografies was die ligging van die Vaaldriehoek feitlik in die middel van Suid-Afrika.³ Vanweë die uitgebreide aktiwiteite van plaaslike nywerhede soos Iscor en Sasol, was die gebied in die sewentiger- en tagtigerjare van besondere nasionale strategiese belang gereken.⁴ Ander plaaslike nywerhede, soos Dorbyl en Vecor, het tesame met 'n konsentrasie van kragstasies 'n belangrike ondersteunende rol ten opsigte van die mynbou en ander nywerheidsaktiwiteite in die PWV-gebied gespeel.⁵

Die nywerheidsaktiwiteite in die Vaaldriehoek was grootliks die resultaat van die ryk steenkool neerslae wat reeds sedert die negentiende eeu ontgin is. Steenkool was vir lank beskou as die belangrike komponente wat die ekonomie se wiele aan die gang moes hou. Dit was derhalwe as 'n strategiese kommoditeit beskou. Dié rol van die natuurlike bron van energie het oor die jare eenvoudig belangriker geword – veral ná die energiekrisis van 1973-4.⁶ Binne dieselfde dekade het die rewolusie in Iran (1979) plaasgevind. Hierdie gebeure het plaaslike ontwikkeling van nywerheidsaktiwiteite gestimuleer. Sasol se bedrywighede – brandstof uit steenkool - het aansienlik toegeneem.⁷ Die Vaaldriehoek het daarby baat gevind.

Beskou vanuit 'n infrastrukturele perspektief, was die Vaaldriehoek ook van belang. Die Vaaldam en die destydse Randwaterraad (tans Randwater) se pompstasies teenaan die Vaalrivier, asook suiweringsaanlegte in die omgewing het aan streke ver buite die grense van die Vaaldriehoek, waardevolle

2. ANON., Pamflet: *Vereeniging*, s.d, p. 4.

3. ANON., "Hartland is bewus van sekuriteit" in *Vaalweekblad*, 27.08.1995, p. 3.

4. Kyk L.H. GANN EN P. DUIGNAN, *South Africa: War; revolution Peace?* (International Studies, Stanford, 1979), p. 25.

5. ANON., Pamflet: Escom, "Eskom se kragstasies en die nasionale net" in Databank nnr. DB/AP/5, Augustus 1985, p. 1.

6. C. DÖNHOF, "Das Südliche Afrika und die Welt-Energiekrise" in *Afrika Post*, 21(3), Februarie 1974, p. 43.

7. ANON., "Iran severs ties, cuts off SA oil" in *Citizen*, 05.03.1979; ANON., "Geskiedenis 'n suksesverhaal" in Bylae in *Beeld*, 28.04.1989, p. 2.

watervoorrade voorsien.⁸ Die pad- en spoorwegbrûe oor die Vaalrivier aan die streek 'n strategiese belangrikheid gegee. 'n Groot deel van vrag wat vir state noord van Suid-Afrika bestem was het byvoorbeeld oor die brug by die Vaalrivier gegaan.⁹ Die snelweë wat deur en om die Vaaldriehoek gegaan het, het die streek met die res van die land verbind. Die Vereenigingse lughawe kon as alternatief vir die destydse Jan Smuts lughawe (tans Johannesburg internasionaal) dien.¹⁰ Die lugbaken by Meyerton het ook 'n belangrike rol in die regulering van lugverkeer na die Witwatersrand gespeel.¹¹

Die aspekte wat hierbo uitgelig is, het gedurende die tydperk 1974-94 aan die Vaaldriehoek 'n bepaalde militêre strategiese waarde verleen.¹² Daar is gevolglik vanaf die sewentigerjare gemeen dat in die geval van 'n volkskaalse konvensionele oorlog die Vaaldriehoek 'n teiken sou wees.¹³ Polities het die streek ook oor 'n bepaalde dinamiese kultuur beskik. Die binnelandse beleid van Suid-Afrika, ná 1948, het dikwels plaaslik tot boikotte, sanksies en binnelandse verset aanleiding gegee.¹⁴ Die Sharpeville-voorval van 21 Maart 1960 – in een van die grootste swart woondorpe van die Vaaldriehoek – was die gevolg van protes teen die dra van pasboeke. 'n Noodtoestand is afgekondig en militêre eenhede is vir 'n kort tyd gemobiliseer.¹⁵ Sharpeville het daartoe gelei dat die Pan Africanist Congress (PAC) en die African National Congress (ANC) vreedsame protes nie meer as 'n opsie gesien het nie en hulle tot gewapende optrede gewend het. Meer soortgelyke manifestasies van geweld en protes sou in die tydperk vòòr 1994 weer eens voorkom. Dus, ofskoon Suid-Afrika in die geheel op 'n magdom samelewingsvlakke regstreeks deur die politieke omstandighede geraak is, het die Vaaldriehoek, weens die industriële karakter van die streeksamelewing se aktiwiteite, 'n besondere sensitiewe gedaante vertoon. Strategiese beplanners was daarop bedag dat dit noodsaaklik was om die hart en siel van die mense in die streek te probeer wen ten einde noodlottige konflik te voorkom.

8. R.L. LEIGH, *Vereeniging* (Johannesburg, Courier, 1968), p.154.

9. *Ibid*, p. 94.

10. ANON., “Ons is nou sterker sê minister” in *Vaalweekblad*, 10.06.1977; ANON., “Belangrikheid van vliegveld nie altyd besef” in *Vaalweekblad*, 19.11.1982; onderhoud Mnr. Kingsley Bell, 24.02.2000.

11. ANON., “Lugruimtes en lugroetes” in *Paratus*, 24(12), Desember 1973, p.11.; W.C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar: Feesblad van die stadsraad van Meyerton 1894/92-1991/92* (Meyerton stadsraad, Meyerton, 1992), p. 116.

12. ANON., “Terro-teiken is veilig, paraat” in *Vaalweekblad*, 18.08.1981, p. 2.

13. B. POGRUND, “Why an invasion of SA would be impossible” in *Rand Daily Mail*, 29.10.1969; R.A EDWARDS, “Security problems in southern Africa” in *Paratus*, 24(6), Junie 1973, p.7; A. KEPPEL-JONES, *When Smuts goes: a history of South Africa from 1952-2010* (Shuter en Shooter, Pietermaritzburg, 1949), pp.184-185.

14. H.R. PIKE, *A history of communism in South Africa* (Sygma, Pretoria, 1985), p.333.

15. *Ibid.*, pp. 338 en 340.

Mobilisering van die Vaaldriehoekse blankes

Daar is veral ná 1974 gepoog om die publiek te mobiliseer en by die militêre stryd van Suid-Afrika te betrek. Die binnelandse gewapende stryd, terroriste bedrywighede in buurstade en dreigemente van konvensionele oorlog teen Suid-Afrika het tot die formulering van die denkrigting, bekend as die ‘totale aanslag’, aanleiding gegee.¹⁶ Die gedagte is op verskillende maniere uitgedra. Voortdurend is mense daarvoor ingelig. Ten einde die publiek te mobiliseer is klem op paraatheid geplaas. Die kommunikasie stelsel was doeltreffend. Bykans geen deel van Suid-Afrika is in die kommunikasie proses oorgesien nie.

Op die plaaslike vlak is Vaaldriehoekers ingelig oor die binnelandse toestand en die toestand in Suider-Afrika.¹⁷ Hulle is teen die Rooi gevaar en die aanslag gewaarsku.¹⁸ Die gemeenskap van die streek is gemaan om nie onverskillig teenoor betrokkenheid by die weermag te staan nie.¹⁹ Klem is op die feit gelê dat elke weerbare man nodig was om Suid-Afrika te verdedig.²⁰ Meneer F.W de Klerk, ‘n plaaslike Volksraadslid en kabinetsminister, het verwys na die titaniese stryd wat die regering stry om die Weste wakker te skud.²¹ Vaaldriehoekers is met die begrip die ‘totale aanslag’ teen Suid-Afrika vertrou gemaak.²² Met die ondertekening van die Verdrag van Nkomati in 1984 is daar gewaarsku dat die aanslag nie iets van die verlede is nie.²³

Sprekers van die polisie en van die weermag is uitgenooi om by jeugverenigings, vroueorganisasies, kerke en skole op te tree.²⁴ Tydens feesdae soos republiekdag en geloftedag is die aanslag op die grense uitgelig.²⁵ Tydens tentoonstellings in die streek was daar groot weermag- en polisie-uitstallings. Die Vaalskou is verskeie kere deur hoogwaardigheidsbekleërs van die polisie en

-
16. Kyk B.J. VAN DER WALT, “Totalitêre aanslag teen die RSA” in *Paratus*, 30(7), Julie 1979, p. 28.
 17. ANON., “Paniekerigheid is onnodig, sê min. Mulder” in *Vaalweekblad*, 01.10.1976, p. 4; ANON “Dis ‘n aanpassingsjaar sê sakekamer” in *Vaalweekblad*, p.20.
 18. ANON., “Mense van SA teen Rooies gewaarsku” in *Vaalweekblad*, 01.11.1976, p.48; ANON., “Kommentaar: Lang arm is ‘n vriend, nie vyand” in *Vaalweekblad*, 28.09.1984, p. 35; ANON “Slegs Kruis sal hamer en sekel oorwin” in *Vaalweekblad*, 02.03.1979, p. 29.
 19. ANON., “Vaalweekblad kommentaar: Raak betrokke of...” in *Vaalweekblad*, 13.11.1979, p. 35.
 20. ANON., “Elke weerbare man moet SA help verdedig, sê brigadier” in *Vaalweekblad*, 03.12.1976,
 21. ANON., “Raak betrokke vra minister” in *Vaalweekblad*, 06.04.1979, p.3.
 22. ANON., “Totale aanslag teen republiek” in *Vaalweekblad*, 19.06.1979, p.6.
 23. ANON., “Aanslag teen SA nie iets van die verlede nie” in *Vaal Ster*, 12.10.1984, p. 1.
 24. ANON., “Nellis hoor van motivering vir seuns” in *Vaalweekblad*, 02.03.1979, p. 7; ANON., “Terroriste kry te veel publisiteit” in *Vaalweekblad*, 04.05.1979, p. 14.
 25. ANON., “SA moet alles inspan om stryd te oorleef” in *Vaalweekblad*, 09.06.1976, p. 20.

die weermag geopen.²⁶ Dit het geblyk dat mense juis as gevolg van sulke uitstallings moeite gedoen het om tentoonstellings by te woon.

Die plaaslike pers in die vorm van die *Vaalweekblad*, *Vereeniging & Vanderbijlpark News* en die *Vaal Ster* het 'n groot rol in die mobilisering van die gemeenskap gespeel. Heelwat artikels het op veiligheid en die belangrikheid van die Vaaldriehoek gefokus. Die aktiwiteite van Vaaldriehoekse veiligheidsmagte is deur middel van foto's en berigte aan die publiek bekend gestel. Daar was strokiesprente soos 'Opdrag Geheim' wat oor 'n terreur-aanslag op 'n groot fabriek handel het.²⁷ Daar was advertensieveldtogte waarin verdediging die tema was. 'n Ligte afleweringvoertuig, die Toyota 1200-bakkie is geadverteer met die woorde 'Hier kom die pantserbakkie', teen die agtergrond van 'n Olifanttenk.²⁸ Daar is ook 'n betrekking deur die firma van Thorold en van Wyk geadverteer waar militêre opleiding 'n voorvereiste was.²⁹

Films wat op die weermag en polisie gebaseer is, is in die streek vertoon. Die publiek is aangemoedig om na grensfilms te kyk. Gewilde films uit die era was 'Ses Soldate', 'Grensbasis 13' en 'Die Rebel'.³⁰ Die regisseur van 'Die Rebel', Daan Retief, het self die film in die Vaaldriehoek kom bekendstel.³¹ Gratis filmvertonings is deur die polisie vertoon met die doel om die publiek aan terrorisme en misdaad bekend te stel.³²

Vermaaklikheidsgroepe van die weermag het dikwels in die Vaaldriehoek besoek kom aflê.³³ Orkeste van bekende regimente het musiek tydens inspeksieparades van noodhulporganisasies verskaf.³⁴ Die weermag se orkeste het ook tydens die Vaalskou en ander geleenthede opgetree.³⁵

Afgesien van pogings om die breë Vaaldriehoekse publiek te bereik is daar veral gepoog om die vrou en die jeug te mobiliseer. Die manlike deel van die blanke

-
26. ANON., "VIP's at Vaal Show" in *Vaalweekblad*, 09.10.1992, p. 6; G.J. Joubert, "Kommisaris open Vaalskou" in *Servamus*, Januarie 1989, p. 16.
 27. C. BRUWER, "Strokiesprent: Opdrag Geheim" in *Vaalweekblad*, 06.03.1978, p. 8.
 28. ANON., "Advertensie: die nuwe Toyota bakkie wat by Phillip Motors te koop was" in *Vaalweekblad*, 03.02.1978, p. 30.
 29. Kyk ANON., "Advertensie: Thorold en van Wyk" in *Vaalweekblad*, 29.08.1980.
 30. Kyk ANON., "Advertensie: SES SOLDATE-vind byval by oud en jonk" in *Vaalweekblad*, 25.04.1975; ANON., "Pret en vermaak: Grens-aksie in nuwe film" in *Vaalweekblad*, 09.02.1979, p. 29.
 31. ANON., "Daan Retief nooi Driehoek: los TV en kyk na 'Die rebel'" in *Vaalweekblad*, 14.05.1976, p. 21.
 32. ANON., "Films oor terrorisme, misdaad" in *Vaalweekblad*, 14.03.1975.
 33. ANON., "Pret en vermaak: SAW-orkeste en grapjas Al Debbo op Sasolburg" in *Vaalweekblad*, 20.05.1980 p. 13.
 34. ANON., "Foto: Die light Horse Regimentsorkeste het tydens die inspeksieparade van die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging ..." in *Vaalweekblad*, 26.10.1979, p. 39.
 35. ANON., "Jong orkeste van weermag speel ook hier" in *Vaalweekblad*, 21.09.1979, p. 21.

gemeenskap was reeds grootliks gemobiliseer. Op skool was hulle aan kadette blootgestel. Daar was ook, volgens wet, van die jong mans verwag om militêre diensplig en verwante opleiding te ondergaan. Op strategiese beplanningsvlakke is gemeen dat die vrou 'n besondere rol kon speel deurdat sy die vegtende man kon ondersteun en aanmoedig. Verskillende vroue-organisasies, soos die damesvereniging van die Nasionale Party (NP), van die verskillende militêre eenhede en van die polisie in die Vaaldriehoek het hulle self op hoogte van veiligheidsituasie gehou. Sprekers van die veiligheidsmagte of die gades van ministers is gereeld na hulle byeenkomste genooi.³⁶ Die eggenote van die minister van bosbou, mev. Martina Botha, het byvoorbeeld aan die Afrikaanse Dameskring op Vanderbijlpark gesê dat vroue die stukrag agter die polisie en die weermag moes wees.³⁷ Vaaldriehoekse vroue het 'n vername ondersteunende rol in die proses van mobilisering gespeel.³⁸ Vroue uit die Vaaldriehoek was ook lede van die weermag. 'n Aantal meisies het oor die jare opleiding by die Burgerlike Beskermingskollege op George ondergaan.³⁹ Vroue was ook lede van Vaaldriehoekse eenhede.⁴⁰

Pogings is aangewend om die jeug reeds vanaf kleuterskoolstadium te mobiliseer. Militêre eenhede het dikwels besoeke vir kleuterskole gereël.⁴¹ Kleuterskole het kostuumparades gehou waartydens kleuters met militêre uniforms geparadeer het.⁴² Jeugorganisasies het op die weermag staat gemaak vir velduitrusting tydens kampe. Kinders is bekend gestel aan aspekte soos skiet, kamoeflering en die veiligheidsituasie.⁴³

-
36. ANON., "Mev. Magnus Malan die spreekster" in *Vaalweekblad*, 29.06.1979, p. 104.
 37. ANON., "Vrou moet stukrag agter polisie en weermag wees" in *Vaalweekblad*, 25.11.1977, p. 78.
 38. ANON., "Vrou het vername plig in stryd teen terrorisme" in *Vaalweekblad*, 29.08.1975, p. 7; ANON., "Gewese Vaal-vrou is patriot sê Paratus" in *Vaalweekblad*, 26.03.1976, p. 10; ANON., "Vroue blad: wees trots op vegtende man" in *Vaalweekblad*, 15.03.1983, p. 11.
 39. ANON., "Lorraine will train in civil defence" in *Vereeniging en Vanderbijlpark News*, 01.11.1974, s.b.; ANON., "Dogter leer toe" in *Vereeniging en Vanderbijlpark News*, 21.11.1975, s.b.; ANON., "Vrou staan haar plek in SAW vol" in *Vaalweekblad*, 09.09.1980, p. 11.
 40. ANON., "When women join the Defence force" in *Vereeniging en Vanderbijlpark News*, 04.02.1977, s.b.
 41. ANON., "Foto: Hierdie twee kordate soldaatjies ..." in *Vaalweekblad*, 20.10.1989, p.18.; ANON., "Kleuterskool maak nader kennis met weermag" in *Vaalweekblad*, 09.04.1993, p. 7.
 42. D. JENSEN, "Kleuters pronk in ander vere" in *Vaalweekblad*, p. 19.
 43. Onderhoud, Mnr. F.J.P.R. BOTHA, 26.06.2000, Streeksleier Voortrekkers Vereeniging tot 1994.

Kadette het 'n prominente deel van die opvoeding van hoërskoolseuns uitgemaak. Die doel was dat hulle daardeur vir diensplig voorberei moes word.⁴⁴ Vaaldriehoekse kadette het geprester tydens kadetkompetisies. Daar was kadetparades wat deur bevelvoerders van Vaaldriehoekse eenhede geïnspekteer is. Die verkenningsoldaat, Wynand du Toit, het in die Vaaldriehoek, as teenpropaganda-maatreël, praatjies gelewer.⁴⁵ Vaaldriehoekse blanke jeugdige het tydens veldskole met sekere militêre aspekte soos roetemarse, inspeksies, hindernisbane en ideologiese lesings kennis gemaak.⁴⁶ Voortrekkers het militêre geoefen en basisse besoek.⁴⁷ Daar was ook werwingsveldtogte in die Vaaldriehoek. Die substantiewe inwonertal van die Vaaldriehoek het daartoe gelei dat generaal-majoor Neil Webster 'n beroep op jongmense gedoen het om by die staandemag aan te sluit.⁴⁸

Verskillende organisasies en inwoners van die streek het die veiligheidsmagte geldelik en moreel ondersteun. Die Suiderkruisfonds het takke in die verskillende Vaaldriehoekse dorpe gehad.⁴⁹ Die Rotariërs, Transvaalse Vroue Landbou-unie, en die gemeentes van verskeie kerkgenootskappe het op deurlopende grondslag geld vir soldate en polisiemanne ingesamel. Verskillende vroue organisasies het gedurende tye van onluste etes vir soldate en polisiemanne voorberei.⁵⁰ Inwoners van die streek het ry-geleenthede vir dienspligtes uit die streek georganiseer. Die sake sektor het soldate met salarisse tegemoetgekom terwyl stadsrade reëlings getref het vir die inburgering van teruggekeerde soldate. Vroue komitees van die verskillende militêre eenhede in die Vaaldriehoek het na die welsyn van gesinne van soldate omgesien.⁵¹

-
44. ANON., "Kadeteopleiding as voorloper" in *Vaalweekblad*, 05.11.1976, p. 8; ANON., "Kommentaar: Span almal in" in *Vaalweekblad*, 26.08.1980, p. 35; ANON., "Kadeteopleiding belangrik" in *Vaalweekblad*, 20.10.1989, p. 24.
 45. ANON., "Kerknuus: Wynand du Toit praat oor sy Angola ervaring" in *Vaalweekblad*, 04.08.1989, p. 56; Kyk ook C. VERMAAK, "Freed Wynand is morale booster for troopies" in *Citizen*, 06.10.1988.
 46. ANON., "Veldskool vir dorpskinders was toe sommer reg" in *Vaalweekblad*, 25.02.1977, p. 6; ANON., "Veldsoek deel van opvoeding" in *Vaalweekblad*, 06.08.1982, p. 4.
 47. ANON., "Children need not to be afraid of the military" in *Vaal Ster*, 23-27.09.1991, p. 12.
 48. ANON., "Plea from general – English must join: forces gap too wide" in *Vereeniging en Vanderbijlpark News*, 22.08.1975, p. 1.
 49. ANON., "Hoë moreel is land se magtigste wapen" in *Vaalweekblad*, 21.03.1980, p. 102.
 50. ANON., "Foto: Vroue verbonde aan verskillende kerke...kos voorberei vir lede van die Suid-Afrikaanse Polisie wat tydens onluste diens gedoen het" in *Vaalweekblad*, 25.09.1984, p. 5.
 51. Onderhoud, Mnr. C.S. Feldman, 27.06.2000, Offisier Regiment Overvaal tot 1985.

Paraatheid in die Vaaldriehoekse gemeenskap

Paraatheid was in die Vaaldriehoek 'n trefwoord.⁵² Ten einde die publiek paraat te maak was daar dikwels praatjies oor terrorisme.⁵³ Die publiek is oor optrede tydens bomontploffings ingelig. Ten einde die publiek fisies paraat te maak, is oefeninge gehou.⁵⁴ Burgerlike beskermingseenhede van die verskillende dorpe het gereed oefeninge in samewerking met die Noodhulpliga, St. Johns Ambulans, die weermag en die polisie gehou. Die publiek is gemaan om gereed te wees vir noodtoestande.⁵⁵ Die bereiking van bejaardes en die jeug was belangrik. Die brandweer het by tehuise vir bejaardes klasse in brandbestryding aangebied⁵⁶ Skole het goed uitgewerkte noodplanne gehad.⁵⁷ Teen die begin van die negentigerjare is meer klem op die beskerming van huis en haard gelê terwyl mense aangemoedig is om by plaaslike kommando's aan te sluit. Lede van die publiek is deur die weermag na skietoefeninge uitgenooi.⁵⁸

Aan die einde van die tagtigerjare was daar toenemend pogings van die Vaaldriehoekse gemeenskap om homself te beskerm. Dié pogings is gekonsolideer in die buurtwag beweging. Daar was selfs buurtwag tentoonstellings waartydens hooggeplaaste persone toesprake gelewer het en wapens uitgestal is.⁵⁹ Die sekuriteitswese het terselfdertyd 'n bloeitydperk beleef. Die vlag gewapende rooftogte en toenemende misdaad in die streek het 'n behoefte aan beskerming verhoog. Sekuriteitsondernemings het 'n paramilitêre beeld vertoon.⁶⁰

Die plaaslike pers het gedurende die tydperk onder bespreking heelwat aandag aan die doen en late van Vaaldriehoekse militêre eenhede gegee.⁶¹ Dienspligtiges uit die streek het oor die land diens gedoen. In die Vaaldriehoek was daar ses kommando's en vier regimente. In 'n stadium was die hoofkwartier

-
52. ANON., "Paraatheid is hier 'n noodsaaklikheid" in *Vaalweekblad*, 02.12.1977.
 53. ANON., "Kenner praat oor terrorisme" in *Vaalweekblad*, 07.03.1979.
 54. ANON., "Bomontploffing: wat om te doen" in *Vaalweekblad*, 10.02.1989, p. 23.
 55. ANON., "Kommentaar: Elkeen moet help" in *Vaalweekblad*, 18.09.1979, p. 17; ANON., "Onthou die name en adresse vir noodtye" in *Vaalweekblad*, 20.08.1976.
 56. ANON., "Leer om brand te bestry" in *Vaalweekblad*, 09.02.1979, p. 19.
 57. ANON., "Security is part of school life" in *Vaal Ster*, 20.06.1986, p. 8.
 58. ANON., "Wees paraat nie panikerig" in *Vaalweekblad*, 07.05.1993, p. 4; ANON., "So bly mens aan die lewe in dodelike driehoek...: vroue oefen met Uzzi's" in *Vaalweekblad*, 01.04.1993, p. 6.
 59. ANON., "Rothdene buurtwag se fees 'n sukses" in *Vaal Ster*, 24-08.09.1991.
 60. ANON., "Verrassing kom vir baie" in *Vaal Ster*, 28.08-01.09.1989, p. 18; Onderhoud, kol. F. Buter, 18.04.2000, voormalige adjunk-distrikskommisaris van polisie in Vereeniging.
 61. ANON., "Vier beginsels in weermag" in *Vaalweekblad*, 24.10.1975; ANON., "Militêre opleiding: deskundige vertel" in *Vaalweekblad*, 10.10.1975.

van 73 Gemotoriseerde Brigade en van Groep op Vereeniging gestasioneer.⁶² Die kommando's was verantwoordelik vir die beveiliging van dié streek.⁶³ In 'n stadium was daar twee industriële kommando's in die streek naamlik, Iscor en Sasol kommando.⁶⁴ Benewens die kommando's was daar twee teen-insurgensie regimente en twee lugafweerregimente in die streek.⁶⁵ Die kommando's en die regimente het grensdiens verrig.⁶⁶ Vaaldriehoekse eenhede het aan groot oefeninge deelgeneem.⁶⁷ Ná 1984 is aan binnelandse operasies deelgeneem.⁶⁸ Die Vaaldriehoekse regimente is in dié tyd op die noordgrens, naby Messina, en in swart woonbuurte soos Soweto en Mamelodi ontplooi.⁶⁹

Ander afdelings van die weermag was ook in die Vaaldriehoek aktief. Alhoewel die huidige militêre basis, 'n Britse lugmagbasis gedurende die Tweede Wêreldoorlog was, het die lugmag nie meer tussen 1974 en 1994 'n permanente teenwoordigheid in die streek gehandhaaf nie. Daar was wel 'n patrollieboot van die vloot wat vanaf 1979 op die Vaaldam diens gedoen het.⁷⁰ Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens het tot in 1999 'n siekeboeg by die militêre basis op Vereeniging beman.⁷¹

Benewens normale wetstoepassing het die Suid-Afrikaanse Polisie take van 'n militêre aard op Vereeniging uitgevoer.⁷² Polisiemanne uit die streek het

-
62. ANON., "Gemotoriseerde brigade vanuit Vereeniging bestuur" in *Vaalweekblad*, 16.05.1975.
63. ANON., "Groep 17 spog met skitter jaar van prestasies" in *Vaal Ster*, 02-06.11.1992; ANON., "Commando's main task is safeguarding the people" in *Vereeniging en Vanderbijlpark News*, 11.07.1975.
64. ANON., "Beskerming van werkplek" in *Vaalweekblad*, 18.05.1990; ANON., "Sasol-kommando: hulle beskerm ons kosbare brandstof" in *Paratus*, 30(8), Augustus 1979, p. 19.
65. ANON., "Anit-aircraft regiment receives prestige trophy" in *Vaal Ster*, 16-20.03.1992; ANON., "Regiment Overvaal 10 jaar oud: bevorderings aangekondig" in *Vaalweekblad*, 23.11.1979.
66. ANON., "Foto: Die regiment Vaalrivier is gemobiliseer met die oog op grensdiens" in *Vaalweekblad*, 31.01.1976; S. WEWEGE, "Groet eers vyand val toe aan" in *Uniform*, 03.05.1976; Onderhoud, MNR. C.S. FELDMAN, 27.06.2000, Offisier Regiment Overvaal tot 1985.
67. ANON., "Ons mense maak oorlog in die Vrystaat" in *Vaalweekblad*, 08.08.1975.
68. A. DE BEER, "Operasie Palmiet had die meeste swartes se steun" in *Vaalweekblad*, 26.10.1984; M. SCHWENN, "Operasie Waghond wys tande" in *Vaalweekblad*, 04.05.1990; ANON., "Operasie Skildwag ook in Vaaldriehoek" in *Vaal Ster*, 01.02.1991.
69. ANON., "Bedrywig 21 jaar" in *Vaalweekblad*, 02.11.1990.
70. Onderhoud, MNR. D.J. MANTEN, Eienaar Mantien Marina – verskaf fasiliteite aan SA Vloot op Vaaldam, 04.04.2000.
71. Onderhoud, MNR. C.S. SMIT, 15.12.1999, 15.12.1999, Mediese skakeloffisier Groep 17 1993-1999.
72. ANON., "Een lewensgevaarlike avontuur" in *Vaalweekblad*, 17.02.1981.

grensdiens in die voormalige Rhodesië en Suidwes-Afrika verrig.⁷³ Ná die uitbreek van die Soweto onluste van 1976 is Vaaldriehoekse polisiemanne in onluste-areas ontplooi.⁷⁴ Vanaf 1980 het die Onluste Eenheid, wat toe op Vanderbijlpark gestasioneer was, militêre werk in swart woonbuurte van die Vaaldriehoek gedoen. Die eenheid het met gepantserde voertuie en in kamoefleerdrag geopereer en nou met die weermag saamgewerk. Sedert 1990 het die Onluste Eenheid as Afdeling Binnelandse Stabiliteit (ABS) bekend gestaan. Daar is in die lig van die ‘township-oorlog’ wat toe in die streek aan die gang was, voortgegaan met militêre werk.⁷⁵

Wapenvervaardiging in die Vaaldriehoek

Vaaldriehoekse nywerhede het reeds tydens die Tweede Wêreldoorlog ’n belangrike rol in die vervaardiging van krygstuig gespeel.⁷⁶ Die konsentrasie van swaar ingenieursbedrywe in die Vaaldriehoek het gevolglik tussen 1974 en 1994 daartoe gelei dat nywerhede soos Usco, Iscor en Dorbyl ’n belangrike bydrae tot die vervaardiging van wapens gelewer het. Wapenvervaardiging het ná 1975 die Vaaldriehoek se streekse ekonomie gestimuleer.

Pantserstaal vir die Eland, Ratel, Rooikat en Buffel pantservoertuie is by ’n groot fabriek in Vanderbijlpark vervaardig.⁷⁷ ’n Fabriek in Vereeniging het die staal vir kanonlope en ammunisie vervaardig.⁷⁸ African Cables het kables en bedrading vir militêre gebruik gelewer.⁷⁹ Nadat tekortkominge in Suid-Afrikaanse krygstuig tydens Operasie Savanna geïdentifiseer is, het Vaaldriehoekse fabrieke ’n belangrike inset in die ontwerp en vervaardiging van nuwe wapens gelewer.⁸⁰ Die G5 en G6 kanon is byvoorbeeld met die insette van Vaaldriehoekse fabrieke vervaardig.⁸¹ Komponente van ander wapentuig – soos onder meer kanonne – is ook plaaslike vervaardig.⁸² ’n Vereenigingse fabriek het die infanterie se granaatlanseerder, die stoppergeweer en ’n 9mm sub-masjiengeweer vervaardig.⁸³ ’n Vanderbijlparkse fabriek het weer komponente

73. ANON., “SAP ook op grens” in *Vaalweekblad*, 03.06.1988.

74. ANON., “SAP aanvaar uitdaging” in *Vaalweekblad*, 20-24.01.1992.

75. ANON., “Afdeling Binnelandse Stabiliteit” in *Servamus*, Mei, 1992, p. 12.

76. ANON., “Drie oorloë raak Vereeniging” in *Vaalweekblad*, 05.11.1992.

77. Onderhoud, MNR. GERIE HOFFMAN, 28.03.2000, Hoofbestuurder Iscor tot 1995.

78. Onderhoud, DR. F.W. GULDENPFENNIG, 14.02.2000, Bestuurder staalafdeling Usco 1970-1990.

79. R.L. LEIGH, *Vereeniging*, p. 86.

80. ANON., “Vaaldriehoek word nywerheidshartland en maak SA meer selfstandig” in *Vaalweekblad*, 06.07.1984, p. 7.

81. ANON., “SA self-sufficient in barrel steel” in *Salvo*, 3-88, nr.17, p. 55.

82. Onderhoud, MNR. P.A.H. LABUSCHAGNE, 17.05.2000, Hoofingenieur spesiale kontrakte Dorbyl Vereeniging.

83. Onderhoud, MNR. L.M. LE ROUX, 31.01.2000, Produksie beplanning Mitco 1981-1994.

van die Rooikat aanvalshelikopter vervaardig terwyl talle ander fabrieke 'n wye verskeidenheid kleiner onderdele vir wapentuig vervaardig het.⁸⁴

Die rewolusionêre stryd

Polities was die Vaaldriehoek gedurende die tagtigerjare een van die brandpunte in Suid-Afrika. Die 1984-onlustsiklus het op 4 September van daardie jaar in die Vaaldriehoek begin en vinnig landwyd uitgekring.⁸⁵ Alhoewel daar werklike plaaslike griewe was, soos die huurverhoging en die toestand in swart onderwys, het rewolusionêres ook in die mobilisering van die massa deel gehad.⁸⁶ Ernstige voorvalle van onrus het dikwels in die Vaaldriehoek voorgekom. Die minister van binnelandse sake en van nasionale opvoeding, mnr. F.W. de Klerk, het by geleentheid verduidelik dat die onluste 'n totale aanslag teen ordelike ontwikkeling was.⁸⁷ Die rewolusionêre stryd het 'n groot deel van die staat se magte in die binneland gebind.⁸⁸ Die onluste-situasie het tot die afkondiging van die noodtoestand op 20 Julie 1985 aanleiding gegee.⁸⁹ Daardeur is ingrypende magte aan die weermag verleen.⁹⁰

Tydens die onrustyge tyd het die United Democratic Front (UDF) en die Congress of South African Trade Unions (Cosatu) 'n belangrike rol gespeel om die massa van die Vaaldriehoek te mobiliseer.⁹¹ Militêre vleuels van swart organisasies was in die Vaaldriehoek aktief. Vaaldriehoekse rekrute van Umkhonto we Sizwe (MK) het die land oor Swaziland verlaat om opleiding in die buiteland te ontvang. Daarna het hulle terug in die land geïnfiltreer. Hulle het 'n belangrike rol gespeel om die Vaaldriehoekse swart bevolking vir die 'peoples war' gedagte te mobiliseer.⁹²

84. Onderhoud, MNR. J. KOEN, 26.06.2000, Kontrakte ingenieur Elca 1986-1994.

85. C. SAUNDERS(ed.), *An illustrated dictionary of South African history*, p. 235.

86. M. HOUGH, Revolt in the townships in A. VENTER (Ed.), *Challenge: Southern Africa within the African revolutionary context: an overview* (Ashanti, Gibraltar, 1989), p. 389; S.F. HAASBROEK, *Massageweld in 'n konfliktsituasie: 'n sosiologiese gevallestudie in Sebokeng aan die hand van Leil Smelser se kollektiewe gedragsteorie* (MA, PUCHO, 1989), p. xiii.

87. ANON., "Minister maan oor gevoel van moedeloosheid" in *Vaalweekblad*, 25.09.1984, p. 5.

88. F. VAN ZYL SLABBERT, *The system and the struggle: reform, revolt and reaction in South Africa* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1989), p. 129.

89. ANON., "Seer van geweld" in *Vaalweekblad*, 06.09.1985.

90. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (Voortaan RSA) *Staatskoerant*, Proklamasie: verklaring van 'n noodtoestand, nr.9876, 21.07.1985.

91. Kyk ANON., "How the ANC/UDF manipulate militant labour" in *Aida Parker newsletter*, nr.85, 1 Julie 1985, p. 17.

92. Kyk J. RANTETE, *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa* (Van Schaik, Pretoria, 1998), p. 124.

Lede van MK was betrokke by sabotasie soos die aanval op Sasol 1 in Junie 1980.⁹³ Daarna het 'n geveg met die polisie op die Goue Hoofweg – een van die belangrike padroetes tussen die Vaaldriehoek en Johannesburg – plaasgevind.⁹⁴ Heelwat wapenopslagplekke is in die Vaaldriehoek gestig.⁹⁵ Daar was gereeld in Vaaldriehoekse swart woongebiede aktiewe verset. Van tyd tot tyd was daar “bevryde” areas. Dikwels is dienste vernietig terwyl slote oor paaie gegrawe is om bewegings van die veiligheidsmagte te vertraag.⁹⁶

Die Azanian Peoples Liberation Army (APLA) was ook in die Vaaldriehoek bedrywig.⁹⁷ Eers nadat APLA in 1993 aangekondig het dat hy sy veldtog gaan verskerp, het voorvalle van terreur waarin lede van die organisasie betrokke was in die Vaaldriehoek voorgekom. In April 1993 is 'n voertuig naby Eikenhof aangeval.⁹⁸ In Maart 1994 is vier lede van die polisie is 'n hinderlaag by Orange Farms doodgeskiet.⁹⁹

Nadat die ‘township oorlog’ in 1990 in die Vaaldriehoek uitgebreek het, is Selfverdedigingseenhede (SVE'e) in die streek gestig. Die eenhede het hoofsaaklik uit gewapende jeugdige bestaan.¹⁰⁰ Die eenhede is opgelei en beheer deur MK ten einde die swart gemeenskap teen die Inkatha Vryheidsparty (IVP) te beskerm.¹⁰¹

Die impak van mobilisasie

Die toenemende mobilisasie van die gemeenskap het destyds 'n duidelike impak op die streeksamelewing gehad. Groot dele van die blanke en swart bevolking is gepolariseer. Beide kante was oortuig dat hulle vir die regte saak geveg het. Jeugdige wat as vegters terug gekeer het, was oortuig dat die enigste oplossing in geweld te vinde was. Baie blankes het geglo dat swart vegters in diens van die kommunisme gestaan het en beveg moes word. Etniese geweld in die

-
93. P.H. VAN DER WEEL, “Zuid-Afrika heeft nog weinig tyd” in *De Telegraaf*, 04.06.1980.
 94. Onderhoud, MNR. S.F. TERREBLANCHE, 01.05.2000, Oud polisieman betrokke in eerste geveg met terroriste in Vaaldriehoek 1985.
 95. Onderhoud, KAPT. F.P. VAN DER WALT, 27.06.2000, was voor 1994 seksie bevelvoerder in veiligheidspolisie Vereniging.
 96. Ibid.
 97. Onderhoud, R.G. SCHOLTZ, 03.07.2000, lid van veiligheidspolisie op Vereniging.
 98. F.E. GUNNING, “Dit is MK's wat vas is na Eikenhofmoord” in *Rapport*, 04.04.1993.
 99. Onderhoud, MNR. EN MEV. GOUWS, 27.07.2000, ouers van konst. P. Gouws.
 100. M. MARKS EN P. MCKENZIE, “Military youth: political pawns or social agents?” in J. COCK en P. MCKENZIE (Eds.), *From defence to development: redirecting military resources in South Africa* (David Phillip, Claremont, 1998), p. 224.
 101. Kyk Dagboek, Bevelvoerders konferensie Groep 17, 25.02.1991.

Vaaldriehoek het tot verdere verdeling bygedra.¹⁰² Die Boipatong slagting van 1992 het skokgolwe oor die wêreld gestuur.¹⁰³

Waar die blanke bevolking deur die destydse regering op verskillende wyses gemobiliseer is, het die swart bevolking van die Vaaldriehoek oorlogstoestande ervaar.¹⁰⁴ Op militêre gebied was daar die onvermydelike ongevallen. Dit is nie bekend hoeveel MK-lede afkomstig uit die Vaaldriehoek gesneuwel het nie.¹⁰⁵ Heelwat Vaaldriehoekse soldate het egter gesneuwel terwyl 'n aantal gewond is.¹⁰⁶ Omstandighede waaraan soldate blootgestel is, het tot sosiale probleme onder Vaaldriehoekse soldate aanleiding gegee. Enkele soldate is veroordeel weens die onwettige besit van ammunisie.¹⁰⁷ Daar was gevalle waar soldate gewelddadigheidsmisdaad begaan het.¹⁰⁸ Dwelm- en drankmisbruik het by Vaaldriehoekse soldate voorgekom.¹⁰⁹ Egskeidings was dikwels die gevolg van soldate wat vir lang tye van die huis afwesig was of te min geld wat die huishouding in dié tyd binnegekom het.¹¹⁰

Die veiligheidsituasie in die land het 'n impak op die inwoners van die Vaaldriehoek gehad. Die sabotasie van die Sasol 1-aanleg en gereelde berigte van bomontploffings het tot 'n angsneurose gelei. Wanneer 'n swart rookwolk in die lug gesien is, het mense navraag gedoen of daar weer iewers sabotasie was.¹¹¹ Binnelandse onrus het 'n sterk toename in wapenverkope in die streek tot gevolg gehad.¹¹² Sommige inwoners van die Vaaldriehoek het as gevolg van die toename van geweld en misdaad vanaf 1990 selfs uit die streek verhuis.¹¹³

Die sielkundige impak van gevegsituasies het 'n negatiewe invloed op soldate en polisiemanne gehad.¹¹⁴ Ouers wat seuns verloor het, het lank ná die tyd nog

-
102. ANON., "Residents flee township" in *Star*, 16.03.1990: P. SAKOANE, "Dragged into a war they want no part of" in *Vaal Ster*, 13-17.08.1990.
 103. P. MABUYE, "Boipatongs agony" in *Vaal Ster*, 22-26.06.1992.
 104. ANON., "Kinderbendes regeer" in *Vaalweekblad*, 29.05.1992; ANON., "Terror and the new South Africa" in *Patriot*, 31.07.1992.
 105. Onderhoud, R.G. SCHOLTZ, 03.07.2000. Lid van veiligheidspolisie op Vereeniging.
 106. ANON., "Military honour for const. Buys" in *Vereeniging en Vanderbijlpark News*, 11.10.1974; ANON., "Luit. Mike Dreyer op grens dood" in *Vaalweekblad*, 16.01.1987.
 107. ANON., "Gevonniss oor mortier" in *Vaalweekblad*, 02.07.1982.
 108. ANON., "Twee dienspligtiges kry lyfstraf" in *Vaalweekblad*, 20.07.1982.
 109. Onderhoud, MNR. B. SCHEMPERS, 29.03.2000, Oud bevelvoerder Vanderbijlpark. kommando 1976-1983; Onderhoud, MNR. M.L. VAN STRATTEN, 05.02.2000, Oud sersant-majoor Vereeniging kommando.
 110. Ibid.
 111. ANON., "Digte rookwolke laat talle mense wonder" in *Vaalweekblad*, 11.07.1980; ANON., "Angs ook hier na Pretoria-bom" in *Vaalweekblad*, 24.05.1983.
 112. ANON., "Groot aanvraag na wapens en ammunisie" in *Vaalweekblad*, 11.09.1984.
 113. ANON., "White flee violent Vaal Trinagle" in *Vaal Ster*, 21-25.02.1994.
 114. Onderhoud, MNR. J. BERGH, 21.12.1999, Dienspligtige op grensdiens 1987-1988; Onderhoud, D. FERREIRA, 17.12.1999, Dienspligtige op grensdiens 1987-1988.

gesukkel om die dood van hulle seuns te verwerk. Van die ouers en ander kinders moes selfs sielkundige hulp ontvang.¹¹⁵ Enkele Vaaldriehoekse burgerlikes was aan gevegsituasies blootgestel. Me. E. Patterton het byvoorbeeld as kind die aanval op Katima Mulilo in 1978 meegemaak.¹¹⁶ Die mens se spel is ook geraak. Vaaldriehoekse kinders het modelle van Suid-Afrikaanse krygstuig as projekte by skole gemaak.¹¹⁷ Modelle van Suid-Afrikaanse pantservoertuie is as speelgoed in die streek verkoop.¹¹⁸

Demobilisasie

Demobilisasie was die gevolg 'n sameloop van omvangryke gebeure. Die einde van die Koue Oorlog, die militêre onttrekking aan Namibië en die rigting wat die Suid-Afrikaanse regering vanaf laat-1989 ingeslaan het, was die belangrikste bakens van die veranderingsproses.¹¹⁹ Daar kon egter nie onmiddellik met demobilisasie in die Vaaldriehoek begin word nie. Die turbulente politieke situasie van die vroeë negentigerjare het 'n aparte polisie en weermag noodsaaklik gemaak. Etniese geweld en misdaad het 'n onstabiele binnelandse situasie meegebring. Daarom is meer soldate ontplooi as tydens die grensoorlog.¹²⁰ In die lig van die binnelandse situasie het die weermag al meer polisiëringstake begin uitvoer.¹²¹

Die proses van demobilisasie het onsekerheid meegebring. Die blanke gemeenskap het oor die moontlike van oorlewing gewonder terwyl die moreel van die weermag laag was.¹²² Soldate wou nie meer in swart woongebiede diens doen nie. Aanmeldingsyfers vir kampe was laag en die End Conscription Campaign (EEC) het sy veldtog in die Vaaldriehoek verskerp. Aan die ander kant het die regsbes begin mobiliseer.¹²³ Die Afrikaner Weerstandsbeweging

115. Onderhoud, MNR. EN MEV. SADLER, 09.05.2000, Ouers van Sandy Sadler; Onderhoud, MNR. EN MEV. TAYLOR, 03.05.2000, Ouers van Pieter Taylor.

116. Onderhoud, MEJ. E. PATTERTON, 25.01.2000, Ervaar die aanval op Katima Mulilo.

117. ANON., "Coert Reyneke kan so ampertjies die modelvoertuig bestuur" in *Vaalweekblad*, 19.11.1985.

118. ANON., "Speelding help bejaardes" in *Vaalweekblad*, 12.04.1985.

119. Kyk ANON., "Uit die begrotingsrede van die minister van verdediging, generaal Magnus Malan: Dollars and Doves – hoe gaan dit ons raak?" in *Salvo*, 2/89, p. 9; H. HOUGH, "Aspects of South African strategic doctrine and the SADF role perception" in *Paratus*, 11(41), November 1990, p. 55.

120. ANON., "Comment: The SADF" in *Citizen*, 17.02.1993, p. 6.

121. G. THIART, "Gebiedsbeskerming brei uit" in *Paratus*, 4(43), April 1992, p. 10.

122. ANON., "The agony of our dying Army" in *Patriot*, 31.01.1992; Dagboek, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 25.11.1991.

123. ANON., "Should call-ups still be compulsory" in *Vaal Ster*, 07-11.09.1992; ANON., "Vanderbijl man arrested for refusing to do military service" in *Vaal Ster*, 26—30.09.1992.

(AWB) het optredes en parades in die Vaaldriehoek gehou.¹²⁴ Oud-generaals was betrokke by die regse mobilisasie pogings in die Vaaldriehoek.¹²⁵

Demobilisasie het 'n ekonomiese impak op die Vaaldriehoek gehad. Omdat groot hoeveelhede krygstuig nie meer nodig was nie, het Vaaldriehoekse nywerhede nie meer verdedigingskontrakte gekry nie.¹²⁶ Die gevolg was dat werkers afgedank is en dat afdelings van fabriekes moes sluit.¹²⁷ Werkloosheid en maatskaplike agteruitgang was die voorland van baie Vaaldriehoekers. Die Vaaldriehoek is ook op militêre gebied deur demobilisasie geraak. Drie Vaaldriehoekse regimente het ontbind.¹²⁸ Die hoofkwartier van Groep 17 het na Lenz verskuif om in 1999 ontbind te word.¹²⁹

Slot

In die voorafgaande bespreking is aandag gegee aan die wyse waarop die samelewing van die Vaaldriehoek in 'n era van militêre hoogbloei, gemobiliseer is. Die inwoners van die streek – veral die blankes – is vir 'n sekere tyd deur die destydse tydsgees van militêre optrede meegevoer. Nadat die dryfkrag van dié era, militêre diens op die Namibiese grens, verdwyn het, het 'n era van politieke transformasie gevolg. Transformasie het onsekerheid, etniese geweld en regse ekstremisme laat hoogty vier. In dié era is begin om die Suid-Afrikaans weermag af te takel. Die era van transformasie en demobilisasie het die Vaaldriehoekse gemeenskap negatief geraak. Die feit dat fabriekes in die streek nie meer verdedigingskontrakte gekry het nie, het tot werkloosheid en sosiale verval in die streek gelei. Daarbenewens het ouers wat seuns verloor het met die traumatiese vraagstuk van 'dit was alles verniet' geworstel. Die verdwyning van die militêre magsbasis het tot 'n magsverliessindroom onder heelwat blankes van die Vaaldriehoek gelei. Aan die ander kant is die swart bevolking van die streek met nuwe vraagstukke gekonfronteer waarvoor die *struggle* nie voorsiening gemaak het nie.

124. ANON., "AWB wil mobiliseer" in *Vaalweekblad*, 04.12.1992.

125. ANON., "Volksfront dreig met aggresiewe optrede: net 300 by blanke optog" in *Vaal Ster*, 24-28.05.1993.

126. Kyk P. BATCHELOR, "South Africa's arms industry: prospects for conversion" in J. COCK EN P. MCKENZIE, *From defence to development: redirecting military resources in South Africa*, p. 107.

127. Onderhoud, DR. F.W. GULDENPFENNIG. 14.02.2000; Onderhoud, MNR. P.A.H. LABUSCHAGNE, 16.06.2000.

128. R. FITCHET, "Regiment sluit finaal sy deure" in *Vaal Ster*, 05-09.05.1997; Onderhoud, MNR. A. JOUBERT, Oud bevelvoerder regiment Sasolburg.

129. N. CHANDLER, "Defence force cuts infantry divisions to the bone" in *The Star*, 26.07.1999, p. 3.

Abstract

The era of South Africa's military acme (1974-1994) with particular reference to the Vaal Triangle

South Africa's military involvement in Angola, as from 1975 led to the mobilisation of society. The Vaal Triangle, one of the major industrial regions of the country, was no exception. The local civilian population was mobilised in various ways. Mobilisation efforts focused on women and the youth. Various organisations supported the defence effort. Civil defence held regular exercises while different Vaal Triangle towns had outstanding emergency plans. The armed forces (police and army) provided training for the civilian – e.g. how to use a firearm effectively. Military preparedness was apparent in the activities of the various military units in the region. Vaal Triangle factories also played an important role in the manufacturing of weapons.

The Vaal Triangle played a major role in the revolutionary struggle. The Sharpeville incident of March 1960 and the riots of September 1984 in Sebokeng were key local events. Revolutionary organisations capitalised on poor conditions and then mobilised the black community.

Many soldiers from the Vaal Triangle lost their lives in service of the country. Many of those who survived are still (in 2000-1) suffering from the effects of post traumatic stress. The political direction after 1989 and demobilisation had a negative effect on the Vaal Triangle. Some military units had to disband. Factories also experienced an under-supply of manufacturing contracts, once the production of companies such as Armscor drastically reduced manufacturing activities.